
# 519 Word wakker, jul wat sluimer




Maak tog jul lampe skoon nou en vul die olie aan;
jul Bruidegom berei Hom vir bruilofsfees en prag,
want Sions wagters juig al: “Die Bruidegom kom aan!”
Wie vir sy koms gereed is, sal met Hom binnegaan.

> Sy uur kom spoedig nader, die tekens word al meer;
> die sagte vyebloeisels getuig van lente weer.
> Die gure winterdae is spoedig tog verby,
> en lig en lewensluister kom dan ons hart verbly.

O Jesus, Bron van vreugde, op wie ons biddend wag,
voor U wyk eens vir altyd die duister sondenag.
Verbreek dan al ons bande skeld dan ons sondes kwyt,
ons lig nou reeds ons hande, oorwinnaars in die stryd!

Theodulf van Orleans (c. 750-821) L. Bourgeois (1510-61)